# Die bydrae en relevansie van die ekklesiologiese besinning in die GKSA

J.M. Vorster
Departement Dogmatologie en Ekklesiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**The contribution and relevance of ecclesiological research in the Reformed Churches of South Africa**

*Reflection on the role of Ecclesiology in the Reformed Churches of South Africa has produced a constant flow of publications, mainly in the field of Church History and Church Polity. Due to the history of the Reformed Churches since their inception in 1859 these publications are mainly apologetic in character. This view of Ecclesiology reacted strongly against the influences of Methodism and Collegialism in South African ecclesiastical developments.*

*In this article Ecclesiology is evaluated in view of the theory of Dulles (1987) regarding church models as the basis for comparative Ecclesiology. The evaluation reveals that to some extent the Reformed Churches were influenced by three of the main models, namely the institutional model, the communion model and the model of the Church as a herald. The use of these models resulted in a high estimation of the offices in the Church, the proclamation of the Word in the preaching and the communion of believers in the local congregation.*

*There were, however, also negative influences. The institutional model with its emphasis on the offices led to the neglect of the calling of the believer. The communion model did not succeed in constituting effective ecumenical relations over and above the local congregations, and in spite of the high regard of preaching, an effective pattern of ecclesiastical prophetical witness in the South African society has not emerged.*

*Future ecclesiological reflection in the Reformed Churches of South Africa should concentrate on these deficiencies. In this respect the recent interest in the concept of the Kingdom of God as the premise for a clear understanding of the Church needs further attention. A sound evaluation of all the implications of the concept of the Kingdom for the Church may rectify the shortcomings in Reformed Ecclesiology and, as such also in the functioning of the Reformed Churches in South Africa.*

## 1. Inleiding

Die beoefening van die Ekklesiologie deur teoloë binne die verband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het oor die afgelope 125 jaar besonder baie publikasies opgelewer. Van Wyk (1980:29) het dit reeds in 1980 in sy oorsig hieroor aangetoon. Oor die afgelope dekade het nog wetenskaplike besinning bygekom soos blyk uit die ekklesiologiese studies van Du Plooy (1982), Visser (1982), Smit (1985) en veral die omvattende kommentare van die Kerkorde van die GKSA deur Van der Linde (1983:7) en Spoelstra (1989:26). Daarbenewens het 'n konstante stroom navorsingsartikels en populêre artikels verskyn in die tydskrifte wat binne hierdie kring uitgegee word. Besondere klem is hierin gelê op kerkregtelike en kerkhistoriese navorsing. Uit al hierdie publikasies blyk dit ook dat binne die GKSA die belangstelling in die ekklesiologiese aspekte oor die afgelope drie dekades toegeneem het.

Die ekklesiologiese belangstelling moet verklaar word teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling van die GKSA. By die stigting van die GKSA in 1859 het kerkbegrip 'n belangrike rol gespeel. Enersyds het die Gereformeerdes hulle fel verset teen die Metodisme wat die konfessionele beginselbasis van die kerk onderwaardeer het (Du Toit, 1903: 121). Sake soos die ondertekeningsformulier, die geslote Nagmaal en die toepassing van die tug as sleutelmag wat die kerk moet hanteer, het vervaag ten gunste van die mistisisme en die gepaardgaande piëtistiese kerkbelewing, wat eie was aan die destydse Metodisme (Du Toit, 1903:154). Hierteenoor wou die Gereformeerde Kerke 'n kerkbegrip handhaaf volgens die model van konfessies en kerkorde wat deur die Sinode van Dordrecht (1618-1619) aanvaar is.

Andersyds het die Gereformeerdes hulle ook verset teen die opkomende kollegialisme wat sedert die Kerkorde van De Mist in 1804 die kerkregtelike ontwikkelinge in Suid-Afrika wesentlik beïnvloed het (Brown, 1992:759; Donaldson, 1994:45). Hierdie rigting wat sy oorsprong het in

die Lutherse stelsel, het die kerk gedefinieer as 'n vereniging van "gelykgesindes" met 'n verenigingsreg soos ander organisasies (Bouwman, 1970:215). Hierdie reg is op 'n hiërargiese wyse binne die kerklike vergaderinge toegepas. Die plaaslike kerk is volgens hierdie kerkvergaderings beskou as 'n onvolledige onderdeel van die kerkverband. Binne die kerk heers volgens dié beskouing die demokratiese gesagsbeginsel wat beteken dat nie altyd Christus deur sy Woord nie, maar die stem van die meerderheid beslis (Du Plooy, 1989:7). Hierteenoor wou die Gereformeerde Kerke die gesag en volledigheid van die plaaslike kerk handhaaf soos dit in die Sinode van Dordrecht (1618-1619) herbevestig is.

Met die gebeure voor die stigting van die GKSA in 1859 het die Gereformeerdes die impak van sowel die Metodisme as die kollegialisme in die Kaapse en Transvaalse Kerke aan die lyf gevoel (Spoelstra, 1963:112). Die verset teen hierdie invloede, en ongelukkig ook teen die Kerke in die Kaap en Transvaal, is hierdeur gevoed. Hierdie verset het 'n wesensbepalende rol gespeel in die beoefening van die Ekklesiologie soos dit histories binne die GKSA ontwikkel het. Nie net is belangstelling in die Ekklesiologie deur die verset lewend gehou en telkens opnuut geprikkel nie, maar is die beoefening van die subdissiplines Kerkreg en Kerkgeskiedenis hierdeur oorwegend apologeties ingeklee. Die beskrywing van die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis deur Jooste (1958:51), Spoelstra (1963:137), Van der Vyver (1958: 312) en in 'n mindere mate ook Kruger (1957:230) gee duidelik blyke van die apologetiese voorveronderstelling.

Met bogenoemde historiese konteks in gedagte moet die ekklesiologiese besinning binne die GKSA beoordeel word. 'n Blote historiese oorsig is egter nie genoeg nie. Hoe belangrik 'n begrip vir die apologetiese instelling ook al vir die verstaan van die ekklesiologiese besinning is, moet ander beoordelingsnorme ook aangelê word. Sodoende kan die bydraes en ook die leemtes van die ekklesiologiese besinning blootgelê word. Verskeie ander benaderings is moontlik. Volgens die historiografiese metodes wat Cairns (1982:20) noem, kan die evaluering van die ekklesiologiese ontwikkelinge vanuit 'n ekumeniese perspektief, 'n sekulêr-historiese perspektief of vanuit die praxis van Gereformeerde Kerke plaasvind. Elke metode sal nuwe aspekte belig. Al hierdie metodes verg grondige navorsing en kan nie binne die bestek van een navorsingsartikel gehanteer word nie. 'n Keuse vir een beoordelingsnorm moet dus gemaak word. In hierdie navorsingsartikel word daarom gekies vir 'n ekumeniese perspektief en in besonder vir die teorie wat Dulles (1987:15) ten opsigte van

die invloed van kerkmodelle in die vergelykende Ekklesiologie uitgewerk het. Aan die hand van hierdie teorie beoordeel hy die geskiedenis en praktyk van kerke. Sy teorie oor die invloed van kerkmodelle word dus hierin toegepas op die ekklesiologiese besinning en praktiese gevolge daarvan binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

## 2. Kerkmodelle as beoordelingsnorm

Dulles (1987:17, 123) sê dat die kerk vir die ekklesioloog nie verobjektiveer kan word nie. Vanweë subjektiewe betrokkenheid in die rykdom van Bybelse beeldspraak oor die kerk kan die kerk nie volledig objektief beskryf word nie. Die kerk is in 'n sekere mate 'n misterie waarvan ons slegs 'n gedeelte kan ken. Hierdie misterieuse karakter van die kerk het belangrike implikasies vir die ekklesiologiese metodologie.

Die implikasies spruit veral voort uit die feit dat die Bybel feitlik geheel en al in beelde oor die kerk praat. Hoewel Dulles (1987:19) nie Minear se onderskeiding van 96 beelde onderskryf nie, erken hy dat geskakeerde ekklesiologiese beeldspraak in die Nuwe Testament gebruik word. Elke beeld sê iets anders oor die kerk. Tradisionele ekklesiologiese tradisies kon egter nie hierdie rykdom volledig in kerkmodelle uitwerk nie. Elke tradisie het vanuit 'n sekere beeld of sommige van die beelde 'n bepaalde kerkmodel opgebou. Hy sê:

> At various times in the history of the Church, it has seemed possible to construct a total theology, or at least a total ecclesiology, on the basis of a single model. Such a dominant model is, in the terminology of this book, a paradigm. (Dulles 1987:29.)

Met een Bybelse beeld van die kerk word 'n kerkmodel uitgewerk wat dan in terme van Kuhn (1970:175) dien as 'n paradigma vir ekklesiologiese ondersoek.

Dulles pas hierdie teorie toe op die Rooms-Katolisisme en die Protestantisme. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar binne die strominge basies vyf ekklesiologiese modelle funksioneer, maar gee ook toe dat daar meer mag wees. Die eerste model noem hy die *institusionele model* waarin die klem lê op die strukturele, institutêre aard van die kerk. Hy sien hierdie model in sy uiterste vorm veral in die Rooms-Katolieke kerkmodel, maar identifiseer aspekte daarvan ook in Protestantse kringe. In hierdie institusionele model staan die ampte en hulle gesag op die voorgrond, terwyl die gelowiges passief bly. Die gelowiges ontvang slegs wat die 'instituut' kan uitdeel.

Voorts word kerklike gesag in hierdie model gesentreer in vergaderings, konsilies en sinodes wat uiteindelik uitgedruk word in 'n bepaalde gesagsfiguur. In hierdie model doen die kerk hom voor as 'n goed gestruktureerde organisasie met die kerklike gesagsdraers as belangrike fokuspunte.

Die tweede model wat Dulles (1987:47) identifiseer, is die model waarin die *mistieke gemeenskap van gelowiges* op die voorgrond staan. Hierdie model werk veral met die beeld van die kerk as 'volk van God' of as 'liggaam van Christus'. Met hierdie beelde as die oorheersende prinsipe word die kerk nie in die eerste plek gesien as georganiseerde instituut met 'n hiërargiese gesagspatroon nie, maar as 'n gemeenskap van mense wat gebind word deur gemeenskaplike belydenis, aanbidding en diens. In hierdie model word ook klem gelê op die werk van die Heilige Gees en die daaruit voortvloeiende spiritualiteit en 'n lewe van gebed. Hierdie model is reeds deur Augustinus en Thomas Aquinas beklemtoon, maar kom veral in die moderne ekklesiologie na vore in sowel die Rooms-Katolieke as in Protestantse kringe.

Die derde model noem Dulles (1987:63) die *kerk as sakrament*. Dit is 'n tipiese model van die twintigste eeu wat versterk is deur die tweede Vatikaanse Konsilie en in 'n mindere mate deur die Wêreldraad van Kerke sedert die Uppsala-byeenkoms van 1968. In hierdie beskouing word die kerk hoofsaaklik gesien as 'n 'teken' van die reddende genade van Christus.

> It signifies that grace is relevantly given to men of every age, race, kind and condition. Hence, the Church must incarnate itself in every human culture. (Dulles, 1987:68.)

In hierdie model staan die simboliese en die demonstratiewe aspekte van kerklike handelinge sentraal.

Die vierde en vyfde modelle wat Dulles (1987:76, 89) identifiseer, noem hy onderskeidelik die *kerk as 'getuie'* en die *kerk as 'dienskneg'*. Albei is moderne Protestantse paradigmas wat veral deur Barth en Bonhoeffer bevorder is. In die getuiemodel staan die Woord van God sentraal, nie as bloot 'n kerklike substansie nie, maar as 'n dinamiese gebeure wat plaasvind wanneer God met mense praat en geglo word.

> The Church is therefore actually constituted by the word being proclaimed and faithfully heard. The Church is the congregation that is gathered together by the word that ceaselessly summons it to repentance and reform. (Dulles, 1987:77.)

In hierdie model staan die kerk self op die agtergrond en wys weg van homself na God toe. Küng (1992:96) pleit onder andere vir groot ruimte vir hierdie model binne die Rooms-Katolieke ekklesiologie.

Die vyfde model waarin die kerk as 'dienskneg' gedefinieer word, lê klem op die sosiale roeping van die kerk. Die uiterste konsekwensie hiervan is sigbaar in die wye reeks politieke teologieë van die moderne tyd.

> The servant Church is the community who confirm mankind in its freedom to fashion its future, protesting the pretentions to ultimacy in any human structures and suffering with men in the struggle against the power of evil. (Dulles, 1987:95.)

Die kerk word in hierdie model gesien as 'n agent wat stry teen politieke onreg en aan die kant staan van armes en onderdruktes.

Dulles (1987:103) wy ook 'n hoofstuk aan 'kerk en eskatologie' maar hy werk nie 'n model in hierdie verband uit nie. Hoewel hy sê dat daar meer modelle is as die vyf wat hy as hoofmodelle aandui, moet sy onderbeklemtoning van die koninkryksmodel as 'n leemte aangedui word, want hierdie ekklesiologiese model word tans ook baie sterk uitgewerk in sowel die Rooms-Katolieke (Küng, 1992:43) as die Protestantse tradisie (bv. Ridderbos, 1969:334). Voorts kan by sy tweede model waarin die gemeenskap sentraal staan, ook die charismatiese model wat tans sterk figureer in die Pinksterbeweging, beklemtoon word. Smith (1992:117) toon die groeiende invloed van hierdie teologie oortuigend aan. Ten spyte van hierdie kritiekpunte bied die analise van Dulles tog 'n bruikbare beoordelingsnorm waarmee ekklesiologiese besinning geëvalueer kan word. Aan die hand hiervan kan nou gekyk word na die ekklesiologiese besinning binne die GKSA.

Op die model van die kerk 'as sakrament' wat hoofsaaklik funksioneer binne die Rooms-Katolieke ekklesiologie word egter nie in hierdie artikel ingegaan nie aangesien hierdie model nie binne die ekklesiologiese besinning van die GKSA figureer nie. Dieselfde kan gesê word van die 'diensknegmodel' van die Politieke Teologie. Wat verder wel tersake is, is die *institusionele model*, die *gemeenskapsmodel* en die *getuiemodel*. Om reg te laat geskied aan ekklesiologiese besinning binne die GKSA, moet ook aandag gegee word aan die *koninkryksmodel* wat deur Dulles nie genoegsaam uitgewerk is nie.

## 3. Die institusionele model

Ekklesiologiese besinning binne die GKSA het alle vorme van hiërargie en kollegialisme deurgaans sterk afgewys. Die klem is gelê op die plaaslike kerk as volledige manifestasie van die liggaam van Christus. Ook is die gelykwaardigheid van die ampte en die beginsel dat geen kerk oor 'n ander mag regeer nie beklemtoon. Wat hieroor deurgaans sterk geleef het in die ekklesiologiese besinning binne die GKSA is op 'n indringende wyse deur Spoelstra (1989:10, 462) aangetoon. Hoewel die institusionele aard van die kerk in die term "geïnstitueerde kerk" (Duvenage, 1969: 128) erken is, het gereformeerde teoloë institusionalisme soos deur Dulles gedefinieer, teengestaan.

In hierdie opsig het die ekklesiologiese besinning getrou gebly aan die kerkregtelike tradisie van die Dordtse Kerkorde en het plaaslike Gereformeerde kerke 'n eie identiteit ontwikkel. In vergelyking met ander kerke in die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika funksioneer die Gereformeerde Kerke in die praktyk op plaaslike vlak meer selfstandig. Daarmee saam het meerdere kerklike vergaderings slegs 'meerdere gesag' en nie 'n eie selfstandige gesag soos dit, volgens Kleynhans (1982:152), in die Nederduitse Gereformeerde Kerk die geval is nie.

In ander opsigte is belangrike kenmerke van die institusionalisme wel merkbaar. Eerstens kan in hierdie verband verwys word na die eensydige beklemtoning van die ampte in die Gereformeerde Kerke ten koste van die diens van die gelowige. In 1959 skryf Van der Walt (1959:60):

> Daarom kan die kerk *alleen* groei en bloei as daar bekwame en toegewyde ampsdraers is wat die amptelike werk verrig.

Hierdie besondere beklemtoning van die gesag en belangrikheid van die amp is voortgesit in die kommentaar op die Kerkorde van Kruger e.a. (1966:15) wat oor die afgelope dekades baie op kerklike vergaderings geraadpleeg is en besluitneming beïnvloed het. Die leemte in hierdie beskouinge van die ampte is dat die regeeraspek bo die diensaspek uitgelig word. Daarmee word die organiese band tussen die funksionering van die amp en die dienswerk van die gelowige soos uitgedruk in Efesiërs 4:11 losgelaat. Die ampswerk word dan in die praktyk 'n belangrike funksie op sigself terwyl die rol van die gelowige kwyn.

Hoewel Duvenage (1959:173) 'n deeglike uiteensetting gegee het van die prinsipiële begronding, belangrikheid en praktiese funksionering van die 'amp van die gelowige' kom weinig daarvan tereg in die praktiese funk-

sionering van Gereformeerde Kerke. Sending, evangelisering, Bybelstudie, jeugaksies en diakonale dienswerk is hoofsaaklik kerkraadsprojekte waarby die gemeente nie meer as toeskouersbelang het nie. Spontane Bybelstudie deur gelowiges is selfs afgewys as dit nie onder toesig van die kerkraad geskied nie (Van der Linde, 1978:1). Die uitlig van die diens tot 'n amp wat nie in diens van nie, maar langs en selfs bo die gemeente funksioneer, het die dinamiese diens wat die gelowiges in die gemeente en daarbuite kan vervul, verhinder.

Die oorwaardering van die amp ten koste van die diens van die gelowige is 'n tipiese neerslag van die institusionele model in die Protestantisme. Sowel Anderson (1992:150) as Gibbs (1992:209) toon die invloed van dié tendens aan in die gereformeerde kerkpraktyke in Noord-Amerika en Europa. Ten spyte van die verset van die Reformasie teen die Roomse klerikalisme, het die amp van die gelowige steeds nie tot sy reg gekom nie. Gibbs (1992:207) sê ten opsigte van hierdie aspek van die Reformasie:

> The priest moved from the altar to the pulpit, but the people remained undisturbed in their pews.

In die besinning hieroor binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tipeer Hendriks (1986:72) dié praktyk as 'n herder-kudde-model waarin alles draai om die herder terwyl die kudde passief bly. Louw (1990:220) tipeer, in aansluiting by Botes en Versteeg, die kerk wat so funksioneer as 'n *gondel* waarin een (die ampsdraer) roei en die insittendes (gelowiges) passief saamry. Dieselfde probleem kan binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geïdentifiseer word.

Die ekklesiologiese besinning binne die GKSA sal meer op hierdie probleem moet toespits. Die rol van die ampte as dienste wat uiteindelik die diens van die gelowige moet ontplooi, moet prominensie ontvang en binne die konteks van kerk-wees in 'n veranderende samelewing uitgewerk en toegepas word. Dit sou beteken dat die Gereformeerde Ekklesiologie, soos beoefen binne die GKSA sal moet toetree tot die ekumeniese debat oor 'gemeentebou' en 'kerkgroei'. Om slegs die ou ekklesiologiese antwoorde aan te bied sal die teenswoordige proses van stagnasie in die betrokkenheid en dienswerk van gelowiges nie effektief betrek nie.

'n Tweede silhoeët van die institusionele model binne die GKSA is die prinsipiële verband wat gelê word tussen etnisiteit en institusionaliteit. Sedert 1964 het die GKSA nasionale sinodes volgens etniese grense saamgestel (GKSA, 1964:268) – sinodes wat voortgevloei het uit die aan-

vaarding van etniese kerke. Die begrip *etniese kerk* impliseer dat naas geloof ook etniese verbintenis 'n kriterium vir die instituering van die kerk sal wees. Etniese kerke moet dan logies ook lei tot etniese sinodes tot op die vlak van 'n algemene sinode wat dan 'ekumeniese verband' moes uitdruk (GKSA, 1964:268). Hierdie instelling van etniese kerke en etniese meerdere vergaderings het die gemeenskapsbelewing in bepaalde etniese bane gegiet en dit het inter-etniese gemeenskapsbelewing ernstig belemmer.

Die vorming van etniese sinodes binne die GKSA was moontlik omdat die saak geheel en al beredeneer is vanuit die institusionele model. Die kerk is in hierdie beredenering gesien as 'n instituut wat as instituut 'n eie etniese eienskap moet vertoon. Die eensydige beklemtoning van die amp as gesagsimbool bo die aspek van diens en die aktivering van die gelowige asook die etniese karakter van gemeentes en kerkvergaderings kan beskou word as die opvallendste leemtes wat die institusionele model in die ekklesiologiese ontwikkeling van die GKSA tot gevolg gehad het.

## 4. Die gemeenskapsmodel

Die belydenis van die 'gemeenskap van die heiliges' is in die ekklesiologiese besinning binne die GKSA tot dusver besonder beklemtoon in die lig van die interpretasie hiervan deur die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21). Opvallend is egter dat die roeping tot gemeenskapsbeoefening hoofsaaklik toegespits is op sekere aspekte van aanbidding en bediening in die plaaslike gemeente. Die gemeenskapsbelewing vind dus plaas as 'n belewing na binne, maar is 'n belewing wat nie die grense van die eie kerk oorskry nie.

In hierdie verband kan op die volgende beklemtoninge van positiewe gemeenskapsbelewing gewys word: in die gemeentesang tydens die erediens word die gebruik van kore afgewys omdat dit die eenheid van die verbondsgemeenskap in lofprysing versteur. Die hele gemeente, en nie slegs 'n koor nie, moet sing (Van der Linde, 1983:225). In die viering van die Nagmaal word die gebruik van bekers en die sit aan tafels verkies bo die gebruik van kelkies in die banke omdat Nagmaalsviering op dié wyse die gemeenskapskarakter van die Nagmaal beter uitdruk (Spoelstra, 1989: 348). Die kerklike tug word toegepas om benewens versoening met God ook versoening met die gemeente te bewerk (Visser, 1980:52). Benewens hierdie opvallende kenmerke van gemeenskapsbeoefening in die bediening en aanbidding binne die GKSA, kan nog gewys word op die praktyk van gereelde huisbesoek deur die predikant en die ouderling, die pastoraat, die

kerklike visitasie en diakonale versorging as middele om gemeenskap te bevorder.

In die gemeentelike lewe is die tekens van die gemeenskapsmodel dus wel sigbaar. Die positiewe gevolg hiervan blyk uit die feit dat Gereformeerde kerke grotendeels as kleiner gemeentes in 'n hegte eenheid en kenmerkende identiteit volledig funksioneer. Tans bedien elke predikant gemiddeld 270 belydende lidmate en dit maak intensiewe bediening, doeltreffender organisasie en hegter gemeenskapsbelewing meer moontlik as in makrogemeentes.

Twee belangrike leemtes is egter in hierdie verband ook merkbaar. In aansluiting by die onderwaardering van die diens van die gelowige as gevolg van die oorbeklemtoning van die institusionele model, kom die charismatiese karakter van die kerk nie tot sy reg nie. Die gemeente as 'n liggaam met verskillende gawes wat tot nut en saligheid van mekaar en na buite aangewend word, het tot dusver nie sterk in die ekklesiologiese besinning binne die GKSA gefigureer nie. Hierdie leemte bring die opbou van die gemeente in gedrang, want:

> Charisma is alles wat de Geest gebruiken wil en ten dienste stelt voor de toerusting en opbouw van de gemeente.... (Ridderbos, 1971:494.)

Opbou is tot nog toe grotendeels beperk tot die opbou van die besondere dienste terwyl die erkenning, ontwikkeling en gebruikmaking van die gawes wat gelowiges ontvang ten dienste van die gemeenskap van die heiliges nie genoeg aandag ontvang nie. Daar het wel besinning op hierdie gebied binne die GKSA begin soos die navorsing van onder andere Floor (1979:88), Venter (1988:29), Buys (1988:15) en Combrink (1993:437) getuig, maar weinig kom tans in die praktyk tereg van die charismatiese aard van die kerk.

Die tweede leemte is die gebrek aan gemeenskapsbeoefening buite die grense van die gemeente. Dulles (1987:140) se stelling dat die institusionele model die minste ruimte laat vir effektiewe ekumene word in 'n groot mate bewys deur die GKSA se gebrek aan gemeenskapsbelewing oor etniese grense heen. Soos reeds gestel is, is kerklike verhoudinge in hierdie verband binne die GKSA beredeneer vanuit die institusionele model. In die praktyk het dit gelei tot aparte kerke vir verskillende etniese groepe wat langs mekaar bestaan – maar sonder enige effektiewe opbouende gemeenskapsbelewing (kyk hieroor Vorster, 1992:21). Die saak sou anders verloop het as dit ook beredeneer was vanuit die gemeenskapsmodel. Dan

moes *koinonia*, eenheid en gemeenskaplike roeping die onhoudbaarheid van starre etniese institusionalisering uitgewys het.

Daar is wel 'n kentering in die ekklesiologiese besinning hieroor merkbaar. 'n Rapport wat voor die 1994-sinode van die GKSA (1994:277) gedien het, meld:

> Ons aanvaar dat die kerk van ons Here Jesus Christus 'n geloofsgemeenskap is en dat geloof en doop die enigste kriteria vir lid-wees van die kerk is. Kleur, kultuur, taal en stand mag daarom nie as bepalende faktore vir lidmaat-wees geld nie.

Hierdie rapport meld ook:

> As Gereformeerde Kerke aanvaar ons dat naburige kerke (ongeag ras en etnisiteit) in klassikale en ander meerdere vergaderings moet saamkom soos deur die Kerkorde gereël. (GKSA 1994:277.)

Die uitsprake wat in oorleg met ander nasionale sinodes opgestel is, dui op 'n nuwe rigting waarin kerklike verhoudinge nie slegs vanuit die institusionele model nie, maar ook vanuit die gemeenskapsmodel beredeneer word.

Die nuwe belangstelling in die charismata en gemeenskapsbelewing, wyer as net die gemeenteverband, moet gestimuleer word. Op hierdie wyse kan die Gereformeerde Kerke verryk word, deurdat kerk-wees in die breër perspektief van die Bybelse beelde oor die kerk beredeneer word soos Breytenbach (1992:391) in sy navorsing oor die betekenis van Bybelse metafore vir gemeentebou aandui. Meer aandag aan die betekenis en implikasies van die gemeenskapsmodel is noodsaaklik vir toekomstige ekklesiologiese besinning binne die GKSA.

## 5. Die getuienismodel

In die getuienismodel lê die klem op die getuienis wat van die kerk uitgaan en daarin is die prediking van die Woord sentraal (Dulles, 1987: 169). Hierdie model is baie prominent in die gereformeerde tradisie (Van der Walt, 1985:133). In die kerklike lewe en teologiese besinning binne die GKSA het die belangrikheid van die prediking deurgaans hoë aansien geniet. Hierdie stelling word bewys deur die beklemtoning van opleiding in predikkunde in die teologiese opleiding en die kerklike eksaminering met die oog op die beroepbaarstelling van voornemende predikante. Predikkunde het tot dusver ook sterk gefigureer in diakoniologiese navorsing binne die GKSA.

In ooreenstemming met die gereformeerde tradisie beskou die GKSA die prediking binne die plaaslike kerk as die belangrikste element van kerklike getuienis. Onderliggend aan hierdie beskouing lê die ekklesiologiese onderskeiding van die kerk as organisme en die kerk as instituut, soos uitgewerk deur Kuyper (1909:204). Die instituut is die amptelike organisasie van gelowiges en het as taak die bediening van die Woord en Sakramente. Die organisme is die gelowiges binne die verskillende samelewingsverbande wat elkeen op 'n eie terrein die beginsels van die Woord moet uitleef. Toegepas op kerklike getuienis beteken hierdie onderskeiding dat die prediking in die plaaslike kerk die essensie van kerklike getuienis is. Die getuienis moet dan deur die gelowiges op die breë terrein van die samelewing voortgedra word. Hoewel die terminologie van Kuyper in gereformeerde kringe gekritiseer is, het die saak wat hy aan die orde gestel het tog die grondslag gelê vir die patroon van kerklike getuienis binne die GKSA (Vorster, 1993:215).

Hierdie patroon het 'n positiewe en 'n negatiewe kant. Die positiewe lê in die beklemtoning van die prediking as die essensie van gereformeerde getuienis. Sonder prediking verloor die Christendom sy krag en dit is volgens Stott (1992:171) die grootste probleem van kerke vandag. Verwaarlosing van die prediking het, volgens hom, die impak van die Christendom op die moderne wêreld versteur. Daarom sal ekklesiologiese besinning steeds nougeset moet toespits op die getuienis deur prediking en die diakoniologiese besinning op die mees effektiewe wyses van kommunikasie van die evangelie deur die prediking binne die verbondsgemeente.

Die negatiewe kant van die patroon lê in die gebrek aan gereformeerde ekumeniese getuienis in die samelewing. Van Wyk (1991:175) toon in sy ondersoek hieroor aan hoe die roeping van die kerk tot getuienis in die samelewing aan bande gelê is deur die verabsolutering van die onderskeiding *organisme/instituut*. Benewens die beklemtoning van die prediking in die plaaslike kerk en die roeping van die gelowiges is die getuienis van die kerk as sodanig verwaarloos. Die rol wat die kerk, by monde van kerklike vergaderings moes speel, is oorgeneem deur buite-kerklike Christelike organisasies. Die getuieniskarakter van die kerk is hierdeur aan bande gelê.

Watter rol moet die kerk in die samelewing speel, veral ten opsigte van die politiek? Onder invloed van die Politieke Teologie word die diensmodel wat Dulles (1987:173) identifiseer vandag hoog deur kerke aangeslaan. Die kerkbeskouing wat hieraan ten grondslag lê, kan prinsipieel ernstig

bevraagteken word (Vorster, 1984:103). Hierteenoor sal die Ekklesiologie binne die GKSA prinsipieel oor die vraag moet besin. Van Wyk (1991:184) het belangrike aanvoorwerk vir hierdie besinning gedoen deur te pleit vir duidelike kerklike getuienis wat die kenmerke moet dra van Woord-getuienis, evangeliegetuienis, koninkryksgetuienis, profetiese getuienis, ekumeniese getuienis en kontekstuele getuienis. Met behoud van die belangrikheid van die prediking, moet die ekklesiologiese besinning binne die GKSA ook fokus op die prinsipiële begronding en wyse waarop kerklike getuienis konkreet en effektief gerealiseer kan word.

## 6. 'n Koninkryksmodel?

Onder die opskrif 'kerk en eskatologie' verwys Dulles (1987:103) na die eskatologiese aard van die kerk in die lig van verskeie interpretasies van die eskatologie. Vanuit hierdie perspektief belig hy sy vyf kerkmodelle en wys op die betekenis wat dit vir elke model kan hê. Die koninkryksmodel is vir hom egter nie 'n afsonderlike model nie.

Met waardering vir die belangrike sleutels wat Dulles ontwerp het vir die beoefening van die vergelykende ekklesiologie, moet sy terughoudendheid ten opsigte van 'n moontlike koninkryksmodel as 'n leemte aangedui word. Is die probleem van die verskeie ekklesiologiese tradisies nie juis dat 'n oorkoepelende konsep gesoek moet word waarin die bydraes en leemtes van die onderskeie modelle effektief versoen kan word nie? Dit sal die moeite werd wees om vas te stel of die leer oor die koninkryk van God nie die konsep is waarna in die Ekklesiologie gesoek word nie.

In hierdie opsig het die ekklesiologiese besinning binne die GKSA reeds 'n besondere bydrae gemaak. Die afgelope dekades se navorsing in hierdie verband toon 'n groeiende belangstelling in die koninkryk as 'n omvattende konsep waarbinne ook die wese en roeping van die kerk beredeneer kan word. Oor die betekenis van die koninkryk het Van der Walt (1962) belangrike eksegetiese en openbaringshistoriese navorsing gedoen. Hierdie werk is opgevolg deur verskeie studies oor die betekenis van die koninkryk in die bundel onder die redakteurskap van Du Toit (1969). Daarbenewens het Floor (1974) geskryf oor die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy, en Spoelstra (1989) oor die Gereformeerde Kerkreg in die perspektief van die koninkryk.

In hierdie besinning is gewys op die feit dat dit in die koninkryk gaan om God se heerskappy wat op 'n besondere wyse in die lewe en werk van

mense sigbaar word. Hierdie mense is die gelowiges wat as gemeenskap in 'n lewende verbondsverhouding met God, rondom Christus, en gelei deur die Gees, die koninkryk soek. Die gelowiges is die kerk en is as sodanig 'n sigbare teken van die koninkryk. Vir die kerk gaan dit dus om die koninkryk en die manifestasie van die koninkryk in die sigbare tekens van Christelike aanbidding, bediening en diens in die wêreld. Alle aspekte van kerk-wees word dus gerig deur die koninkryk as 'n teenswoordige en toekomstige realiteit. Die kerk word dan nie gesien as die middelpunt waarom bediening en aanbidding moet draai nie, maar as 'n middel waardeur die koninkryk, dit wil sê, die sigbare regering van God in die wêreld gesoek moet word.

Die resultate van bogenoemde navorsing bied gronde waarop verder besin kan word oor die modelle wat Dulles identifiseer. As die koninkryk as die breër perspektief gesien word waarbinne die kerk beredeneer moet word, kan die volgende belangrike vrae gestel word:

* Sou die sterk gesagstruktuur en oorbeklemtoning van die amp in die institusionele model nie getemper word wanneer die koningskap van Christus as uitgangspunt gekies word en die kerklike ampte dan as dienste gedefinieer word waardeur dié koningskap gerealiseer word nie?
* Sou die roeping van die kerk in plaaslike en ekumeniese verband nie meer duidelik en konkreet gedefinieer kan word as dit beskou word as 'n funksie in diens van die koninkryk en nie slegs as 'n kerklike funksie nie?
* Sou die kerk in 'n moderne wêreld nie meer geloofwaardigheid hê as hy duidelik stel dat hy nie bestaan bloot om sy histories geworde modelle en tradisies te kontinueer nie, maar om getrou aan sy koninkryksaard sy sending in die wêreld kontekstueel uit te voer nie?
* Sou deurlopende reformasie en kerkvernuwing nie meer moontlik wees omdat die betekenis van die koninkryk vir die kerk juis historiese bedieningsmodelle relativeer en tradisies oorbrug nie?
* Sou die gelowige nie meer hoop hê en beter die sin van sy lewe begryp as hy eerstens deur sy burgerskap van die koninkryk en nie bloot deur sy lidmaatskap van die kerk gemotiveer word nie?

Dit is hierdie en soortgelyke vrae wat in die toekomstige ekklesiologiese besinning binne die GKSA aan die orde moet kom. En die antwoorde

hierop sal bepaal of die GKSA in die toekoms nog relevant en betekenisvol hulle roeping sal kan vervul.

## Bibliografie


ANDERSON, L. 1992. A Church for the 21st Century. Mineapolis : Bethany House Publishers.

BREYTENBACH, H.S. 1992. Metafore vir die kerk en riglyne vir gemeentebou. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 33(3):391-407.

BROWN, E. 1992. Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan. *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3 en 4): 759-771, September/November.

BUYS, P.J. 1988. Kerkgroei: 'n Kritiese evaluering van die kernaspekte van die Church Growth Movement. *In die Skriflig*, 22(87): 2-16, September.

CAIRNS, E E. 1982. Christianity through the Centuries. Grand Rapids : Zondervan Publ. House.

COMBRINK, V. 1993. Die betekenis van die eskatalogie in die Kolossensebrief vir Gemeente-opbou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D-proefskrif.)

DONALDSON, E. 1994. Christianity in the Period of English Colonisation. (*In* Hofmeyr J.W. & Pillay, G.J. *eds*. A History of Christianity in South Africa. Volume 1. Pretoria : HAUM Tertiary. p. 36-88.)

DULLES, A. 1987. Models of the Church. Yew York : Double Day.

DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-Kerkregtelike Studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

DU PLOOY, A. le R. 1989. Kollegialisme. *In die Skriflig*, 23(91):2-11, September.

DU TOIT, J.D. 1903. Het Methodisme. Amsterdam : Höveker en Wormser.

DU TOIT, S. *red*. 1969. Die koninkryk van God. Potchefstroom : Potch Herald.

DUVENAGE, S.C.W. 1959. Die amp van die gelowige. (*In* Du Toit, S. *red*. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom : Admin. Buro. p. 173-188.)

DUVENAGE, S.C.W. 1969. Die verhouding van kerk en koninkryk. (*In* Du Toit, S. *red*. Die Koninkryk van God. Potchefstroom : Potchefstroom Herald. p. 113-132.)

FLOOR, L. 1974. Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy. Potchefstroom : Pro Rege.

FLOOR, L. 1979. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1964. Handelinge van die 35ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom : Admin. Buro.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1994. Agenda van die vyf-en-veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Admin. Buro.

GIBBS, E. 1992. I Believe in Church Growth. London : Hodder and Stoughton.

HENDRIKS, H.J. 1986. Vernuwing in bedieningstruktuur. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 27(1): 72-85, Januarie.

JOOSTE, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

KLEYNHANS, E.P.J. 1982. Gereformeerde Kerkreg. Deel 3. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

KRUGER, B.R. 1957. Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria : V. en R. Drukkery.

KRUGER, L.S. *red.* 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika. Potchefstroom : Pro Rege.

KÜNG, H. 1992. The Church. Kent : Burns and Oates.

KUYPER, A. 1909. Encyclopedie der heilige Godgeleerdheid. Deel 3. Kampen : J.H. Kok.

LOUW, D.J. 1990. Charisma en amp. Op soek na 'n koinoniale diensmodel vir gemeentebou. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 31(2): 220-239.

RIDDERBOS, H. 1969. The Coming of the Kingdom. Philadelphia : The Presbyterian and Reformed Publishing Company.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

STOTT, J.R.W. 1992. The Contemporary Christian. An Urgent Plea for Double Listening. Leicester : Inter-varsity Press.

SPOELSTRA, B. 1963. Die Doppers in Suid Afrika 1760-1899. Johannesburg : Nasionale Boekhandel.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal: HTS.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Bybelstudie. *Die Kerkblad* : 1-2, Jun. 14.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde. 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN DER VYVER, G.C.P. 1958. Professor Dirk Postma. 1818-1890. Potchefstroom : Pro Rege Pers Beperk.

VAN DER WALT, J.J. 1985. Prediking en politiek. (*In* Van Wyk, J. H. & Vorster, J.M. *reds.* Altyd reformeer. Gesprekke oor politiek en godsdiens. Braamfontein: De Jongh. p. 133-141.)

VAN DER WALT, S.J. 1959. Die betekenis van die ampte. (*In* Du Toit S. *red.* Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom : Admin. Buro. p. 61-63.)

VAN DER WALT, T. 1962. Die koninkryk van God – naby! Kampen : Kok.

VAN WYK, J.H. 1980. 'n Oorsig oor die na-oorlogse teologiese ontwikkeling in die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika. *In die Skriflig,* 14(54):27-50, Junie.

VAN WYK, J.H. 1991. Kerklike getuienis in 'n polities gepolariseerde Suid-Afrika. (In Helberg, J.L. *red.* Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 172-191.)

VENTER, A.G.S. 1988. Die werk van die Heilige Gees in die opbou van die kerk volgens Handelinge. *In die Skriflig,* 22(86):15-41, Junie.

VISSER, J. 1980. Kerklike tug. Wat sê die Nuwe Testament? Noordbrug : Calvyn-Jubileumboekefonds.

VISSER, J. 1982. Die kerklike tug oor ampsdraers. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

VORSTER, J.M. 1984. Die Neo-Marxistiese politieke teologie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

VORSTER, J.M. 1992. Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika in ekumeniese konteks. *In die Skriflig,* 26(1):15-28, Maart.

VORSTER, J.M. 1993. Kuyper se ekklesiologie en die interpretasie van "kerklike sake" in artikel 30 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. *In die Skriflig,* 27(2):215-229.